UTILITAS AFTREE-OORD

UTILITAS

NOVEMBER
MAANDPROGRAM 2026

NOVEMBER IS 'N MAAND WAARIN ONS BEWUSMAKING OOR MANSGESONDHEID BEVORDER. ONTHOU OM NA JOUSELF OM TE SIEN, GEREELD VIR ONDERSOEKE TE GAAN EN OPENLIK OOR JOU GESONDHEID TE PRAAT!



VENSTERWASSERS

Neem asseblief kennis dat die vensterwassers vanaf **2–6 November** op die perseel sal wees.

DEMENTIA BEWUSMAKINGSPRAATJIE

Sluit op **12 November** om **10:00** by ons aan in die **ontspanningsaal** vir 'n insiggewende praatjie deur 'n Neuropsigoloog van NeuroAbility oor demensie.

GEDEELTELIKE ONTRUIMINGSOEFENING

Eureka (Toringblok) sal op **25 November** om **14:30** 'n gedeeltelike ontruimingsoefening hê.

Luister na die afkondigings en volg die personeellid se instruksies.

Ons vra asb. dat almal die oefening bywoon. Baie dankie.



TYGERVALLEI-BUS

Weens Verkiesingsdag op **Woensdag, 4 November**, sal die Tygervallei-bus op **Maandag, 02 November** om **09:00** ry.

VERKIESINGSDAG

Administratiewe personeel sal op Verkiesingsdag, **4 November**, nie aan diens wees nie, sodat hulle kan stem.

Spesiale stemgeleenthede vir inwoners vind op **2 of 3 November plaas**.
Reëlings sal via WhatsApp en afkondigings gekommunikeer word.

Inwoners wie se aansoek vir spesiale 'n stem nie goedgekeur is nie, asook inwoners wie nie op hul spesiale stemdag kan stem nie, kan op **4 November** by hul **geregistreerde stemlokaal** stem.

LELANI LOUW GEHOORKLINIEK

16 November, vanaf **08:30** in the **raadsaal** op die 1ste vloer.

Bespreek asseblief vooraf, by Lelani se kantoor(021 5951 141)

KOOR-OEFENING

Ons koor oefen **elke Donderdag** om **16:00** in die **ontspanningsaal**.
Indien u belangstel, kom sluit aan by die koor.



SING-ALONG

Die Eurekakoor nooi almal om te kom saam sing op **13 November** om **10:00** in die **ontspanningsaal**.

GOUE HARTE TEE

Die teepartytjie vind plaas op Donderdag, **24 November**, om **10:00** in die **eetsaal**, op grondvloer.

(Slegs per uitnodiging)

Daar sal vloerbediening op die dag wees vir die ander inwoners.



GRATIS UITSTAPPIES

Ons herhinner inwoners aan die gratis uitstappie **elke Dinsdag** om **08:30** na **Houtbaai**.
Besprekings moet vooraf by Joey gemaak word.

ADMINKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die adminkantore toe sal wees vanaf **11:00** op **Vrydag, 27 November**.
Daar sal geen vervoer beskikbaar wees vir die res van die dag nie

ARTS AND CRAFTS

Arts and crafts sal op **Donderdag, 26 November** om **09:30** in die **Ontspanningsaal** wees.

STERFTES

03 Oktober- Mev. M.J Koen (4de vloer)
08 Oktober- Mnr. L.B Kloppers (5de vloer)

SKEMERKELKIES

Die skemerkelkies, by *Eden on the bay,* sal op die volgende datums wees:

- 2 Des
- 3 Des
- 9 Des
- 10 Des (slegs Huis Oakdale)

Bus vertrek om **16:30.**
Bespreek asseblief vooraf by Joey.

WELKOM AAN ONS NUWE INWONERS

- Mev. H.M.J Bester (807)
- Mnr. G.J van Niekerk (909)
- Mev. E.M van Wyk (1011)



KERSETES

Indien u gaste vir middagete op Kersdag gaan ontvang, bespreek asseblief vroegtydig by Sam teen **11 Desember**. Die koste is **R195** per gas.

Daar is slegs 'n beperkte aantal etes beskikbaar vir gaste.

VERJAARSDAE 90+

- 08-Nov: Me. S.M van Zyl (Frail care)
- 14-Nov: Mev. J.W Swanepoel (Ser 9)
- 14-Nov: Mev. A.S Gebbing (1804)
- 21-Nov: Mev T.H.A. Truter (Frailcare)
- 26-Nov: Mev. C.M. Badenhorst (Ser 52)
- 29-Nov: Mev. H Fourie (1312)



"KEYBOARD"

Ons koor wil graag 'n 'keyboard" leen vir hul Kersoptredes by die Sorgeendhede in Desember.
Indien u een kan uitleen, kontak asseblief mev. Langeveld (1206) by 083 567 0207




VERVOER BESPREKINGS

Indien u vervoer bespreek het, maak asseblief seker dat u opdaag vir u bespreking of, betyds vir Joey laat weet indien u wil kanselleer.

Vervoerbesprekings by Joey moet deur die inwoner self gemaak word. Besprekings mag nie namens 'n ander inwoner gemaak word nie.

NAIL SALON

Deidré begin haar vakansieverlof op **22 Desember 2026** en keer terug op 1**3 Januarie 2027.**



WÊRELD DIABETESDAG
14 NOVEMBER

Wêreld Diabetesdag vestig die aandag op diabetes en die belangrikheid van vroeë opsporing.

Deur die waarskuwingstekens te ken, gereelde gesondheidsondersoeke te ondergaan en jou gesondheidsorgverskaffer se raad te volg, kan jy help om beter na jou gesondheid om te sien.

Jou gesondheid is belangrik – tree betyds op!

WATER VANAF BALKONNE

Moet asseblief nie water by die balkonne afgooi nie, aangesien dit 'n veiligheidsrisiko inhou en ander inwoners se eiendom kan beskadig.

SOSIALE KLUB UITSTAPPIE

Neem asseblief kennis dat die sosiale klub se uitstappie na Giraffe House in November gekanselleer is

"JUKSKEI"

Die Jukskei-klub nooi alle inwoners om saam te kom deelneem en die pret te geniet.

Almal is welkom!

Stel vir Kay of Azille in kennis indien u belangstel.
Die dag en tyd sal gereël word om almal te pas.

HAARSALON

Melanie se laaste werksdag is **18 Desember 2026**. Sy is met verlof en *heropen* op **13 Januarie 2027.**

Kris se laaste werksdag is **19 Desember 2026**. Hy is met verlof en *heropen* op **12 Januarie 2027.**

ALIDA'S KLEREVERKOPE

02 November om **10:30** in die **Ontspanningsaal**.

HET JY GEWEET?

Navorsing dui daarop dat vriendelikheid meer vriendelikheid kan aanmoedig! Wanneer mense vriendelikheid ervaar, is hulle dalk meer geneig om dit aan ander oor te dra.

WÊRELDFRIENDLIKHEIDSDAG
13 NOVEMBER